Sal Diere In Die HEMEL WEES?

—deur dr. Peter Hammond

"Die hele Skepping – in die Hemel, op die aarde en onder die aarde, op die see en alles wat bestaan, het ek hoor sê: 'Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam, kom toe die lofprysing'…" Openb 5:13

Daar is geen twyfel dat diere in die Hemel sal wees nie. Die Bybel is baie duidelik: *"Toe het ek gesien die Hemel is oopgemaak. En kyk! Daar verskyn 'n wit perd…"* Openb 19:11. Die Bybel beskryf die engele om God se troon met trekke en eienskappe van 'n leeu, 'n bul en 'n arend (Esegiël 1). In die Woord word God vergelyk met 'n leeu, luiperd, beer (Hos 13:7-8) en 'n arend (Deut 32:11). God het die aarde perfek en goed gemaak, bewoon deur baie diere. God het Adam aangesê om die diere name te gee – en dit dui op 'n verhouding.

Skepping aanbid die Skepper

Die grootste Bybelboek – in die middel van die Bybel – Psalms, openbaar dat die hele Skepping met God kontak het (Psalm 93).

Al God se skepsels prys Hom. *"Prys die Here vanuit die aarde: seemonsters en die diep waters, weerlig en hael, sneeu en miswolke, stormwind wat Hom gehoorsaam, berge en alle heuwels, vrugtebome en alle seders, wilde diere en al die lewende hawe, kruipende diere en voëls…Laat hulle die Naam van die Here loof. Want Sy Naam is verhewe. Sy majesteit is bo die aarde en die Hemel."* Ps 148:7-13. *"Laat alles wat lewe, die Here loof!"* Ps 150:6.

Die lewende skepsels voor God se troon sing: *"Heilig! Heilig! Heilig! is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van Sy heerlikheid!"* Jes 6:3.

Die Bybel verklaar in Openb 5:13 baie duidelik dat elke wese in die Hemel en op die aarde en in die see, die Lam op die Troon sal aanbid.

Elke skepsel in die Hemel…

Die laaste Bybelboek verteenwoordig die hoogtepunt van alle eeue wanneer die skepsels die Skepper van aangesig tot aangesig ontmoet. Die eerste vier lewende skepsels (die dieragtige engele om God se troon, soos wat dit in Esegiël beskryf word), prys God, dan die vier-en-twintig ouderlinge, later die verlostes van God en laastens die engele (Openb 4:6; 5:12). En dan, uiteindelik, die laaste toneel waar alle lewende wesens hul lof en aanbidding aan God bring. *"Die hele Skepping – in die Hemel, op die aarde en onder die aarde, op die see en alles wat bestaan, het ek hoor sê: 'Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam, kom toe die lofprysing'…"* Openb 5:13.

Dink aan die mossie

Alle diere is deur God geskape (Psalm 104), en alle diere behoort aan Hom (Psalm 50:10). Hy gee vir hierdie diere om. *"Wat kos vyf mossies? 'n Paar sent? Tog vergeet God nie 'n enkele een van hulle nie."* Luk 12:6. Dit is juis hierdie Skrif wat die heel eerste aksie van die Unie van Suid-Afrika geïnspireer het – die munt van die half-sent-munt, en later die een-sent-munt met die twee mossies daarop – om ons daaraan te herinner dat God selfs vir die minste omgee. »

Sal Diere In Die HEMEL WEES?

Daar is diegene wat van mening is dat diere nie saak maak nie, maar die Here Jesus het geleer dat Sy kinders meer as baie mossies werd is (Matt 6:28), maar indien 'n mossie waardeloos is, wat is jou waarde as mens dan? 'n Honderd vermenigvuldig met nul bly tog mos nul!

Indien jy vir God groot waarde het, behoort die diere van die veld en die voëls in die lug tog ook waarde te hê. Diere moet, uit die aard van die saak, vir God waarde hê, want die teenwoordigheid van diere in Ninevé was een van die redes waarom God nie daardie sondige stad vernietig het nie, maar genade betoon het. (Jona 4:11).

Die Ark het diere bevat en is 'n voorbeeld van redding

Een van die mees openbarende Ou Testamentiese voorbeelde van God se Verlossingswerk, is Noag se Ark. God het baie moeite gedoen om toe te sien dat die diere van die Vloed gered word. In God se opdragte aan Noag is daar baie detail en word daar klem op die diere geplaas (Gen 6).

Die mens se Verlossing van hierdie vloed is 'n duidelike beeld van Redding. Die diere wat gered word, is ook 'n teken van hoe die diere by Christus se Verlossingswerk baat vind. Net soos met die diere in Noag se Ark, sien ons dat Christus se Redding ook diere insluit. *"Hierdie geheime plan is om alles wat in die Hemel en op die aarde is, weer onder een hoof te verenig: en hierdie hoof is Jesus Christus."* Ef 1:10.

Calvyn het in sy kommentaar oor Genesis die volgende geskryf: "Dit was 'n herstelproses tot die voormalige staat waarin dinge was toe God die diere, wat Hy deur Noag se arbeid en diens wou laat oorleef, na Noag gebring het… Moses verduidelik hoe die diere in die Ark gekom het – hy sê hulle het uit hul eie gekom. Dit dui op God se seën op Noag omdat hy gehoorsaam was."

"Maar God het gedink aan Noag en al die mense en diere in die boot..." Gen 8:1.

Die vloek omgekeer

Na die Vloed het *"God bygevoeg: 'Om dit te bevestig, gee Ek aan julle en alle lewende wesens 'n teken van hierdie onderneming wat vir altyd sal geld... Sodra Ek die reënboog in die wolke sien, sal Ek herinner word aan die blywende verbond tussen My en alle lewende wesens op aarde."* Gen 9:12, 16.

Die seën van die tweede Adam, Christus, is groter as die vloek van die eerste Adam. *"En al die mense sal die redding sien wat van God kom."* Luk 3:6. (Die Griekse woord 'sarx', wat as 'vlees' vertaal word, word vir sowel mens en dier en alle lewende wesens gebruik.)

"Die ganse skepping sien uit na die dag wanneer dit self ook van slawediens aan hierdie verganklikheid bevry sal word en deel sal kry aan die heerlike vryheid van God se kinders." Rom 8:21.

Koning Dawid se siening

Die profeet Natan het met koning Dawid gepraat en hom van 'n arm man in sy koninkryk vertel wat 'n lammetjie gehad het wat saam met hom geëet het, uit sy beker gedrink het en selfs in sy arms geslaap het. Dit was soos een van sy kinders (2 Sam 12:3).

In hierdie verhaal is daar geen aanduiding dat die man se liefde vir sy lammetjie onvanpas was nie. Toe Koning Dawid gehoor het dat die man sy diertjie gevat en geslag het, was hy woedend (2 Sam 12:5).

Diere op 'n spesiale sending

Ons lees dwarsdeur die Bybel van verskeie diere waarmee God gepraat en waaraan Hy sekere opdragte gegee het. 'n Kraai het opdrag gekry om vir Elia kos te neem (1 Kon 17:4-6); God het deur 'n donkie gepraat (Num 22:21-41); 'n leeu is gestuur om die profeet wat aan God ongehoorsaam was, dood te maak (1 Kon 13:24-30); 'n walvis het Jona ingesluk en hom na die strand geneem (Jona 1:17) en God het die leeus in die leeukuil beveel om Daniël nie leed aan te doen nie (Dan 6:22). Kyk ook weer na Gen 2:19 – God beveel die diere om na Adam te gaan sodat hy hulle name kan gee en in Genesis 6 en 7 stuur Hy hulle om by Noag by die Ark aan te meld.

Het diere 'n siel?

Die Hebreeuse woord 'nephesh' word meer as 130 keer met die woord 'siel' in die Ou Testament vertaal. Hierdie selfde woord 'nephesh' word ook gebruik wanneer daar na die siel van die mens, lewende wesens of diere verwys word.

In Gen 1:21 word hierdie woord ook gebruik wanneer daar van die skepping van die walvis, elke lewende wese asook die voëls in die lug gepraat word. Toe God 'n verbond met Noag gesluit het, is hierdie woord weer gebruik toe Hy na die diere verwys het (Gen 9:9-10). Spr 12:10 praat van 'n goeie man wat sy diere versorg en weereens is die woord 'nephesh' gebruik.

In Grieks word die Hebreeuse woord 'nephesh' met 'psyche' vertaal en dwarsdeur die Kerkgeskiedenis is aanvaar dat diere siele het. Eers met die ontwaking van humanisme is die hele kwessie rakende die siel van die dier bevraagteken.

Het diere 'n gees?

Pred 3:21 praat van die gees (ruach) van diere. Dit lei dus geen twyfel nie – *"God is Gees, en die wat Hom aanbid, moet Hom in 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid."* Om God te aanbid, beteken dus dat 'n mens oor 'n gees moet beskik. Ons lees verder in Psalms en ook in Openbaring van diere wat God aanbid. Diere is nie na Sy Beeld geskape nie, maar engele ook nie en tog vind ons die engele in die Hemel.

Karakter, geheue en emosie

Enigeen wat diere het, of gehad het, of wat gesien het hoe klein katjies of hondjies gebore word, sal goed weet dat elke katjie of klein hondjie sy eie karakter en persoonlikheid het. Dit is baie duidelik dat hulle ook 'n geheue, voor- en afkeure het en emosie, meelewing en sensitiwiteit toon. En dit is presies wat ons bedoel wanneer ons van 'siel' praat. Diegene wat bevoorreg is of was om leeus, luiperds of jagluiperds as troeteldiere te hê, sal weet tot watter diep emosie hulle in staat is, asook hoe hulle karakters van mekaar verskil.

Noag se Ark is die duidelikste Ou Testamentiese beeld van God se Verlossingswerk en die redding wat Hy aan ons bied. In die Ark, interessant genoeg, was daar baie diere...

Sal diere in die Hemel wees?

Deur die jare heen het ons gesin al baie diere gered of aangeneem, insluitende katte, eende en konyne. Toe ek jonk was, was ek bevoorreg om 'n jong leeuwyfie, Vivian, en 'n luiperd, Malcolm, as van my beste vriende te hê.

Sodra enige van ons troeteldiere doodgegaan het, het ons as gesin getreur en hulle selfs met Skriflesing en gebed begrawe terwyl ons God gedank het vir die vele gelukkige herinneringe en dan het ons ons diere in God se hand oorgegee. Toe my kinders my vra of ons ons diere in die Hemel gaan sien, kon ek uitdruklik bevestigend antwoord.

Vir ewig saam

"Kyk gerus in die boek van die Here, en lees wat Hy gaan doen: Nie een van die voëls of diere sal ontbreek nie. En nie een sal wees sonder 'n maat nie. Want die Here het dit belowe. Sy Gees sal dit alles waar laat word. Hy het self die land opgemeet en verdeel. Hy het dit bemaak aan hierdie skepsels. Hulle sal dit vir altyd besit van geslag tot geslag." Jes 34:16-17.

Sal uitgestorwe spesies in die Hemel wees?

Toe God met Job gepraat het, het Hy na die groot seediere gewys, insluitende die dinosourusse, en daarop gewys dat hulle iets van die Skepper se heerlikheid en glorie weerspieël (Job 40:41). Ons kan dus beslis verwag om die uitgestorwe spesies in die Hemel te sien.

Troeteldiere in die Paradys

Professor C.S. Lewis, van Cambridge, het geskryf dat hy geglo het diere kan saam met hul eienaars onsterflikheid geniet. Lewis het Sarah Smith, 'n baie gewone vrou hier op aarde, in 'The Great Divorce', in die Hemel as 'n belangrike mens uitgebeeld. In die Hemel is sy deur dieselfde diere wat sy op aarde versorg het, omring.

Joni Eareckson het in haar boek oor die Hemel geskryf dat sy verwag dat God ons diere in die Ewigheid lewend sal maak.

Die mening van baie teoloë

John Piper en dr. R.C. Sproul het ook reeds »

Sal Diere In Die HEMEL WEES?



hulle verwagting om hulle geliefde diere in die Hemel te sien, uitgespreek. Diere was deel van God se oorspronklike paradys voor die Sondeval. Die toestand van die paradys voor die Sondeval is die duidelikste beeld van wat ons in die Hemel kan verwag. *"Die Skepping smag na daardie dag wanneer God Sy kinders openlik bekend sal stel."* Rom 8:19.

Sal ons in die Hemel met die diere kan kommunikeer?

God het deur Bileam se donkie gepraat. Die donkie was nie in staat om sy eie gedagtes en gevoelens te verwoord sodat Bileam dit kon verstaan nie. Walvisse en dolfyne kommunikeer op 'n baie ingewikkelde manier. Die apostel Johannes het in Openbaring gesê: *"Toe het ek gekyk en 'n besondere arend, wat hoog in die lugruim vlieg, met 'n skril stem hoor uitskreeu…"* Openb 8:13.

In die Tuin van Eden het die slang met Eva gepraat. Openb 5:13 verklaar dat elke wese in die Heelal God se lof hoorbaar sal besing. Dit is duidelik dat diere voor die Sondeval oor baie meer vermoëns beskik het as tans en die Wederkoms en Christus se Verlossing sal al die gevolge van die vloek omkeer. *"Geen vervloeking van enigiets sal langer meer bestaan nie."* Openb 22:3. Geen wonder dus dat Rom 8:22 sê: *"Ons weet immers dat die ganse skepping nog steeds aan die kreun is soos iemand met geboortepyne."*

God se mense en diere

Toe Adam geskape is, het God hom met diere omring. Toe Noag teen die Vloed beskerm is, het God 'n verbond met hom gesluit en hy was deur diere omring. Toe Abraham na die Beloofde Land gelei is, is hy deur baie diere vergesel. Nadat God Moses en die volk deur die Rooi See gelei het en vir hulle in die wildernis voorsien het, was daar ook baie diere saam met hulle. Met Jesus se geboorte is ook Hy deur baie diere in die stal omring. Ons kan dus verwag dat wanneer Jesus weer op die wolke sal kom om die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde te vestig, Hy weereens deur die diere wat Hy geskep het, omring sal wees.

Ons Here Jesus het Sy seën ten opsigte van die vloek gebied. In Christus is die vloek van die Sondeval omgekeer. Ons kan dus met verwagting na die Wederkoms uitsien.

Die Bron van Liefde

God is die Bron van alle liefde; Hy is ook die Gewer van elke goeie gawe (1 Joh 4:16). Dit is onmoontlik om ons diere meer as vir God lief te hê. Indien God hierdie diep liefde vir ons diere in ons harte geplaas het, kan ons verseker wees dat Hy hulle baie liewer het as wat ons hulle het (Jak 1:17).

Net soos die diere die redding van Noag en sy familie gedeel het, kan ons ook met vertroue uitsien na die dag wanneer ons diere saam met ons in die seën en Verlossing sal deel. Ons Here Jesus het Sy seën ten opsigte van die vloek gebied. In Christus is die vloek van die Sondeval omgekeer en Christus verklaar: *"Kyk, Ek maak alle dinge nuut."* Openb 21:5.

Die Skepper en Sy Skepping

"Want al is God onsigbaar, kan hulle Sy ewige krag en Sy Goddelikheid reeds van die skepping van die wêreld af duidelik uit Sy handewerk waarneem." Rom 1:20. Leeus straal iets van ons Skepper se krag, moed, koninklikheid en durf uit. Lammetjies weerspieël Sy sagmoedigheid, terwyl honde en otters Sy speelsheid en perde Sy stamina en uithouvermoë uitstraal.

Oorweldigende getuienis

In die lig van hierdie en vele ander Bybelverse, glo baie teoloë en Bybelstudente dat ons liefdevolle, Almagtige Skepper dit bestem het dat al Sy skepsels die Hemel vir ewig saam met Hom sal geniet.

Die enigste deel van die Skepping wat nie in die Hemel teenwoordig sal wees nie, is die sondiges wat God se Verlossingswerk deur Jesus Christus, Sy Seun, verwerp. ■

DR. PETER HAMMOND *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*